

Geliefde Lourensrivierder

Ek glo hierdie jaar voel asof dit gister begin het, maar tog skree alles in jou dat jy deur een dolle wipwariet was (steeds is) met vele bekommernisse, baie druk en moegwees.... Hier is 'n mooi verhaal om jou net weer te herinner dat ons nie alleen in ons "roller coaster" is nie....

Die bekommernis boompie (Geskrif deur Rosa Duvenhage)

Daar was eendag 'n boer wat besig was om sy ou plaashuis op te knap. Hy het 'n loodgieter gehuur om hom te help. Die arme loodgieter het 'n vreeslike eerste dag gehad. Hy was 'n uur laat as gevolg van 'n pap wiel, sy boor het gebreek en teen huis toe gaan tyd het sy voertuig geweier om te vat.

Die boer het aangebied om die loodgieter huis toe te vat. Hulle het voor die loodgieter se huis gestop en hy het die boer ingenooi om sy gesin te ontmoet. Op pad na die voordeur, het die loodgieter vir 'n oomblik vasgesteek by 'n boom in sy tuin, aan die blare geraak en verder gestap, Toe hy die voordeur oopmaak het hy 'n absolute transformasie ondergaan. Sy gesig het skielik begin gloei van blydschap en met 'n breë glimlag het hy sy vrou en twee kinders omhels. Nadat die boer hulle ontmoet het, het die loodgieter saam met hom terug gestap na sy motor.

Die boer kon nie sy nuuskierigheid bedwing nadat hy die gesin se vreugde aanskou het nie. Hy vra toe vir die loodgieter wat het gebeur vandat hy uit die motor geklim het tot hy die voordeur oopgemaak het?

Die man antwoord met die volgende woorde:

"Sien jy hierdie boom in my tuin, dis my bekommernis boom. As ek saans by die boom verbystap, hang ek al my werksprobleme en bekommernisse aan 'n tak. Dan vra ek vir God om na die probleme om te sien. As ek dan by die huis instap vergeet ek van die probleme en kan ek my gesin geniet en al my aandag aan hulle gee. In die oggend haal ek weer my probleme van die tak af en sorteer dit dan uit so goed ek kan. Jy sal dit nie glo nie, maar my sakkie probleme is elke oggend heelwat ligter as die aand tevore!

JESAJA 41:10

Moenie bang wees nie, Ek is by jou, moenie bekommerd wees nie, Ek is jou God. Ek versterk jou, Ek help jou, Ek hou jou vas, met my eie hand red Ek jou.



NUUSKRUMMELS: 29 November 2018

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR:

DINAMIET KIEDZ



Sondag, 02 Desember: Afsluiting

Alle ouers word uitgenooi na ons piekniek-braai (Agter die kerk op die oop veldjie) Bring asb piekniekmandjie met eie eetgerei en drinkdingetjie. Daar sal vuur aangesteek word, want ons gaan wors braai vir die kinders. Pappas is welkom om iets op die vuur te gooi.

BAIE GELUK, VOORSPOED EN DIE HERE SE SEËN AAN GERHARD EN TALITHA!

Ons deel graag foto's van die kandidate wat hulle teologiese studies aan die Fakulteit Teologie, Universiteit van Stellenbosch, suksesvol voltooi het en op Sondag 25 November in die VGK Lwandle gelegitimeer is.



VERLORE KOMBUISITEMS:

Kontak asb vir my in die kerkkantoor (021 853 5991) as jy een van hierdie herken as joune. Indien dit nie opgeeis word nie, sal dit in die kombuis gebruik word.



GRATIS BERADING BY LOURENSRIVIER GEMEENTE:

Cathreen Munday het na 9 jaar se vrywillige berading by ons Gemeente, uitgetree.

Sy sal van nou af 'n FAMSA Kantoor in Somerset-Wes hê.

Cathreen het laat weet dat indien daar mense is wat navraag doen oor berading, hul verwys kan word na Observatory FAMSA kantoor, wat die Somerset-Wes afspraak sal reël.

Die kontak detail vir afspraak is:
FAMSA In-take (tans Lynette Daniëls);
intake@famsawc.org.za
021-4470170

Cath, ons wil graag van die geleentheid gebruik maak om dankie te sê vir al die ure wat jy opgeoffer het, gesaai het en vir so baie mense van hulp was.

Ons waardeer jou en jy bly vir ons kosbaar. Mag die Here jou en jou gesin seën en jou toekoms besaai met sukses, gesondheid, vrede, vreugde en voorspoed.

BERG 80 VERJ: DESEMBER 2018 & JANUARIE 2019

LET WEL: Ouderdom op lys is huidige ouderdom tensy verjaarsdag al verby is.

Erasmus	Rassie	12/04	83
Le Roux	Roelf	12/05	87
Jooste	Andre	12/07	88
Pienaar	Emmie	12/08	82
Strauss	Lorna	12/08	82
Dippenaar	Bobbie	12/10	88
Van Heerden	Martin	12/11	80
Minnie	Louis	12/18	82
Le Roux	Noreen	12/19	89
Roux	David	12/19	83
Van Deventer	Dillie	12/23	83
Dippenaar	Joan	12/29	79
Nieuwoudt	Elbie	01/04	89
Goldie	Martie	01/09	87
Louw	Willem	01/10	80
Baard	Daneta	01/14	88
Huysamen	Hester	01/14	80
Louw	Kitty	01/16	79
Botha	Miems	01/23	81
Esterhuysen	Pieter	01/24	82
Krüger	David	01/25	80
Claassens	Marjorie	01/26	89
Nell	Jean	01/28	79
Dippenaar	Willem	01/30	83
Huysamen	Jacobus	01/31	79

FIL. 4:19

GOD sal in elke behoefte van jou ryklik voorsien volgens Sy wonderbaarlike rykdom in Christus Jesus.

Vele seën & vreugde



KNIEWERK

- ✦ Tanya Dreyer se seun, Nic Muller in hospitaal, herstel na motorfietsongeluk
- ✦ Amanda Slabbert sê dankie vir gebede, dit gaan baie goed met haar man Pieter
- ✦ Johannes en Annalie Moller se dogter, Magduld ernstig siek in hospitaal

FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK SONDRAG, 2 DESEMBER SE BOODSKAP: LUK. 21: 25 – 36 (1STE WEEK IN ADVENT – DS PETRIE)

Komende Sondag staan in die kerklike jaar as die “Sondag van hoop” bekend. Dis die begin van Advent tyd, maar veral die tyd van vorentoe kyk, deur met 'n lewende verwagting te fokus op die wederkoms van Christus en die hoop op die toekomstige verlossing. God se doel met die wêreld eindig nie met Kersfees, wanneer ons die geboorte van Jesus herdenk, nie. Kersfees is maar een van die momente in God se plan vir Sy koninkryk om te kom in die wêreld. Wanneer ons 'n geheelbeeld van God se plan verstaan – dit waarheen Hy met Sy kinders op pad is, dan kry elke onderafdeling, soos die geboorte van Jesus, die kruisiging, die opstanding en die wederkoms 'n nuwe betekenis. Ons het verlede week gekyk na wie Jesus Christus is – hoe Hy Homself as die Seun van God, die Koning openbaar. Ons het gehoor dat Hy weer kom. Die vraag is nou: Wanneer kom Hy dan? Mense het vir Jesus gevra: “Here, wanneer sal hierdie dinge gebeur en wat is die teken van wanneer dit gaan plaasvind?” (vs. 7) Ook in Hand. 1: 6 hoor ons dieselfde vraag. Hierdie gedeelte van vandag, is 'n deel van Jesus se antwoord op dié vraag. Terwyl ons op ons lewensreis is, het ons tekens nodig om ons te wys hoe en waar om te gaan – soos padtekens wanneer ons per voertuig reis. Elke teken is belangrik, wat dit ook al is. Padtekens is daar om ons en ander mense se lewens te red. Wat maak ons met padtekens? Dikwels ignoreer ons dit en reken ons dat ons die pad ken en die rit sal kan hanteer op ons eie manier, maar wanneer ons 'n padteken soos 'n T-aansluiting teken ignoreer, kan dit ernstige gevolge hê. Daar is voorspellings van ernstige storms en ons sê maklik dat die weer onvoorspelbaar is en gee dikwels nie baie aandag daaraan nie – tot die storms kom en dit ernstige gevolge vir almal het; dan sê ons dat die voorspellings wel waar was en ons moes geluister het. Op dieselfde manier het Jesus vir ons tekens gegee om ons lewens te red en om vir ons te laat weet wat voorlê, soos dat Hy weer gaan terugkom. Hierdie tekens help ons ons te besef dat die reis aan die gang is, ons is op pad na 'n bestemming. Self nou aan die begin van Advent tyd, lees ons dikwels die tekens verkeerd. Ons koop en maak reg en konsentreer op Kersfees, maar vergeet dat die geboorte van Jesus Christus één van die momente in die plan van God vir die wêreld is. Die krip, die kruis, die leë graf, opstanding en hemelvaart is tekens wat ons moet help om in die regte rigting te kyk – in die rigting van God en die toekoms wat Hy vir elke gelowige beplan. Jesus se eerste koms help ons om mooi te kyk, dit help ons om reg te lees dat sy tweede koms naby is. (Willem Botes)

